

# 17

## GEBED

### Ons prys, dank en vra wanneer ons bid

#### **GESINSLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die ouers en kinders moet weet dat gebed die manier is waarop ons die Here prys en dank en waarop ons van Hom dinge mag vra.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die ouers en kinders moet weet –

- die Ons Vader-gebed leer ons die belangrikste dinge oor gebed.
- dat die Here geprys moet word.
- dat ons die Here elke dag moet dank vir alles wat Hy vir ons gee.
- dat ons van die Here alles kan vra wat ons nodig het.

##### **Gesindheid**

Die kinders en ouers moet die begeerte hê om die Here te prys en te dank en van Hom te vra wat hulle nodig het.

##### **Vaardigheid**

Die kinders en ouers moet in staat wees om –

- die Here in 'n gebed te prys.
- die Here in 'n gebed te dank.
- die Here in 'n gebed te vra vir wat hulle nodig het.

## **MEER INLIGTING (Matteus 6: 5-13)**

'n Gebed is 'n gesprek met God, ons praat met Hom. Ons kan God ten volle vertrou met dit wat ons vir Hom sê of vra, want Hy ken ons elkeen persoonlik. Hy weet wat vir ons goed is en wanneer ons dit behoort te kry. Daarom kan ons sê: Ons praat met die Here wanneer ons bid.

Die doel van ons bestaan is om God te prys en te dank vir wat Hy vir ons beteken en dat ons die voorreg het om sy liefde teenoor ander mense uit te leef. Daarom mag die lof en aanbidding nooit in jou gebede ontbreek nie. In dit wat ons vir mekaar doen, moet ons ook wys dat ons nie jok as ons bid nie, maar regtig bly is oor wat God vir ons doen. Ons moet Hom en ander mense liefhê omdat Hy ons eerste liefgehad het.

Jesus leer ons in die Ons Vader-gebed (Matteus 6: 5-13) hoe om te bid. In die gebed leer ons om Hom te loof, te dank en te vra om die dinge wat ons nodig het (en wat vir ons goed sal wees volgens sy bedoeling) op die regte tyd te voorsien. Wanneer ons bid, moet ons vra dat sy wil sal geskied, want dit sal die beste wees (Matteus 6: 10). Christene mag ook bid dat die Here hulle sal beskerm teen alles wat verkeerd, sleg en gevaarlik is (die bose) (Matteus 6: 13).

Gebed is nie soos die lysie wat Mamma maak voor sy gaan inkopies doen nie. Sy maak 'n lysie sodat sy alles kan koop en kry wat sy wil hê. Gebed is waar ons vir die Here vra wat ons wil hê, maar ons moet tevrede wees dat Hy vir ons sal gee net dit wat vir ons die beste is. Ons vra ook dat Hy ons sal help om sy wil te aanvaar. Gebed is die manier waarop ons die Here loof en dank en van Hom iets vra.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Die Bybel.
- 1 x A4-maandkalender vir elke gesin – die A4 word in twaalf ewe groot blokke opgedeel met net die maand se naam bo-aan elke blok geskryf.
- Drie opgeblaaide ballonne per huisgesin, aan toutjies vas.
- Kokipenne.
- Die volgende tekste groot op 'n A4 uitgeskryf of uitgedruk met die opmerking in hakies daarna:
  - Romeine 15: 6 – Ons moet God loof as ons bid
  - Psalm 9: 2 – Ons moet die Here prys as ons bid
  - Filippense 4: 6-7 – Ons mag vra wat ons nodig het en die Here daarvoor dankie sê as ons bid.

## **KOM ONS BEGIN**

Lees Matteus 6: 5-9a. Open met die Ons Vader-gebed. Jy kan ook een van die ouers vra om dit te doen.

## **HET HULLE ONTHOU?**

Laat die kinders en ouers rondstap en kyk saam na almal se tekeninge oor die Nagmaal.

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en verduidelik wat 'n gebed is. Lê klem op die feit dat dit een van die belangrikste dinge is wat 'n gesin moet saamdoen. Veral as hulle 'n spesifieke tyd afsonder om saam huisgodsdienste te hou.

### IETS INTERESSANT

Elke gesin kry drie ballonne. Die ouers skryf op een ballon **LOOF** en iets waarvoor hulle die Here wil prys. Op die tweede ballon skryf hulle **DANK** en iets waarvoor hulle vir die Here dankie wil sê. Op die derde ballon skryf hulle **VRA** en dit wat hulle graag vir die Here wil vra. Laat een van elke gesin die ballonne aan die toutjies vashou. Op die gegewe oomblik laat almal die ballonne los en probeer dit in die lug hou. Gee na 'n paar sekondes die opdrag om weer die ballonne bymekaar te maak. Laat almal wat die ballonne met dieselfde woorde (*loof of dank of vra*) op het, bymekaar staan. Laat elkeen met sy of haar ouers se hulp hardop uitlees wat op hul ballonne staan. So word die boodskap tuisgebring dat daar verskeie sake en nog vele meer is waarvoor elke gesin die Here kan loof of dank en wat hulle die Here kan vra.

### IETS BELANGRIK

Met hierdie les moet die gesin saam met hul kinders gelei word om te weet hoe 'n mens kan bid. As elke gesin die Bybel gereeld lees, oor die teksgedeelte praat en elke lid van die gesin die vrymoedigheid het om te bid, lei dit tot 'n gesonde huisgodsdienstepraktiek. Daar moet spesifiek daarna verwys word dat God deel is van die huisgesin en dat kommunikasie met Hom van groot belang is.

### IETS OM TE DOEN

Gee vir drie pa's wat bereid is om te lees, elk 'n A4 met 'n teks en laat hulle dit om die beurt hardop lees. Verduidelik dat hierdie verse en talle ander in die Bybel ons oproep om te bid. Dit moet die klas se wens wees dat elke gesin hierdie praktiek in hul lewens sal gaan toepas.

Die gesin kan in die praktiek 'n gebedskalender ontwerp wat hulle sal help om die belang van gebed te verstaan. Hulle kan ook op die kalender spesifieke sake aandui waarvoor hulle die Here wil dank en loof en vra – sonder om daarvan 'n gekontroleerde soort "inkopielys" te maak.

Laat die gesin bymekaar sit. Gee aan elkeen 'n kalender wat net die name van die 12 maande aandui op een bladsy. Laat die gesin vir 'n rukkie met mekaar gesels oor wat hulle graag by elke maand wil inskryf. Dit moet elke keer aldie aspekte bevat, naamlik dank, prys en vra. Skryf ook elke lid van die gesin se verjaardae en ander belangrike gesinsgebeurtenisse op die kalender.

Hulle moet ook duidelik op die kalender aandui watter tyd van die dag die gesin almal bymekaar sal kom vir huisgodsdienste. Tydens huisgodsdienste word daardie betrokke maand om die beurt gebid vir die sake wat op die kalender aangedui is.

Laat hulle ook oop spasies laat vir inskrywings wat later gedoen kan word. Sake waarvoor die Here gedank, geloof of gevra kan word, sal noodwendig deur die loop van elke maand verander.

Later kan die kinders en ouers se aktiwiteite vir elke maand ook op die kalender aangebring word sodat daarvoor voorbidding gedoen kan word. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan die doop van 'n kind, die aflegging van geloofsbelydenis, Nagmaal, die wisseling van seisoene, 'n nuwe huis wat gekoop word, ma wat werk soek, ensovoorts.

Aktiwiteite wat op die gemeentekalender is, kan ook op die kalender aangedui word.

### **BY DIE HUIS**

- Laat die gesin met mekaar ooreenkom waar die kalender geplaas sal word sodat dit vir almal sigbaar is.
- Laat die kinders die ballonne in hul boeke inkleur en prentjies in elke ballon plak van dinge waarvoor hulle kan bid.
- Laat hulle dié woorde uit die Ons Vader-gebed leer: *Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word.*

### **AFSLUITING**

Sluit af met Gesang 552 as gebed.

*Liewe Vader, ek sê dankie  
vir die wêreld rondom my,  
want die hemel en die aarde  
het ons als van U gekry.*

*Liewe Vader, ek sê dankie  
vir die lewe rondom my –  
al die blomme en die diere  
het hul prag van U gekry.*

*Liewe Vader, ek sê dankie  
vir die mense rondom my –  
al my maatjies en familie  
wat in liefde by my bly.*

*Liewe Vader, ek sê dankie  
dat ek soveel van U kry,  
maar die grootste is u liefde  
wat ook in my hart kom bly.  
Amen.*